# MONTANAPARK SELGROEP, WOENSDAG, 13 MAART 2024

## VAS EN GEBED

### 1. Agtergrond

Vas en gebed is ‘n Christelike begrip en instelling wat van die vroegste eeue en geskiedenis deel was van mense se lewens. Hier is ‘n paar voorbeelde:

**Ou Testament**:

- Moses, Elia, Esegiël, en Daniël het gevas en gebid.
- In Ester 4 is ’n nasie gered deur vas en gebed.
- God het die stad Nineve gespaar toe die mense van die stad gevas, gebid en berou gehad het oor hulle sonde (Jona 2 en 3).

**Nuwe Testament**:

- Jesus het vir veertig dae gevas.
- Paulus en die vroeë Christene het ook gevas.

Handelinge noem dat die gelowiges gevas het voordat hulle belangrike besluite geneem het:

- Handelinge 13:3 “En toe hulle gevas en gebid het en hulle die hande opgelê het, laat hulle hul gaan.”
- Handelinge 14:23 “En hulle het in elke gemeente vir hulle ouderlinge gekies, en hulle, ná gebed en vas, opgedra aan die Here in wie hulle geglo het.”
- Lukas 2:37 beskryf dit so: “… en sy was ’n weduwee van omtrent vier-en-tagtig jaar. Sy het nie weggebly van die tempel nie, en met vaste en gebede God gedien, nag en dag.”

**Deur die geskiedenis**:

- Martin Luther is gekritiseer omdat hy te veel gevas het.
- Johannes Calvyn het gevas en gebid totdat die grootste gedeelte van Genève hulle tot God bekeer het.
- John Knox het gevas en gebid; die goddelose koningin Mary van Skotland (Bloody Mary) het gesê sy vrees geen gewapende mag soos sy die gebede van John Knox vrees nie.
- Jonathan Edwards, wat God se instrument in die herlewing in New England (noord-ooste van die VSA) was, het gevas en gebid.
- John Wesley het twee keer per week gevas.
- Charles Finney, een van die grootste geestelike leiers in die geskiedenis, was ’n man wat gevas en gebid het.

- Die evangelis DL Moody was 'n man wat ook bekend was met vas en gebed.

**DIE VRAAG IS: WAT VERSTAAN ONS IN 2024 ONDER DIE TERM 'VAS EN GEBED'?**

## 2. Vas en gebed vandag

Wat is dit om te vas en te bid?

Dit beteken om jou oë van die wêreld af weg te neem, vir 'n tydperk soos vooraf ooreengekom, tot eer van God. Vas en gebed gaan hand aan hand.

Daar is verskeie sienings oor vas.

- Sommige beperk die vas tot net die ontneem van voedsel
- Ander sien vas as die weerhouding van voedsel en drank
- Daar word sterk gefokus op voedsel in die algemeen, of in sommige vaste – die weerhouding van sekere voedsel tipes – soos ons sien met die Daniël vas.

Om te vas is om aan God te wys, asook aan jouself, dat ons ernstig is oor ons verhouding met Hom. Daardeur verkry ons 'n nuwe perspektief en 'n vernuwe afhanklikheid van God.

Wat is vas nie?

- Wanneer vas aan voedsel gekoppel word, kan lang periodes waar daar nie geëet word nie, skade aan die liggaam doen. Jy moet steeds vloeistof inneem – water is essensieel vir liggaam funksies.
- Vas is nie bedoel om die liggaam skade te berokken nie maar wel om ons aandag op God te vestig.
- Vas moet ook nie gesien word as 'n metode om te dieet nie. – Doxa Deo Moot – Jannie van Niekerk het genoem dat 'vas sonder gebed', net 'n dieet is.

  Die Bybelse doel is nie om gewig te verloor nie maar om in 'n dieper verhouding met God te staan.
- Dit is nie almal wat aan 'n voedsel vas kan deelneem nie soos byvoorbeeld diabete, swanger vroue, moeders wat borsvoed, ens., maar almal kan wel iets opgee of hulself ontneem vir 'n periode om sodoende nader aan God te beweeg.

  Gedurende Ramadan kan kinders onder 18 ook nie vas nie. Wees dus oordeelkundig wanneer jy 'n vas periode beplan.

- Om ons oë van die wêreldse dinge af te neem maak dit moontlik om ons aandag beter op Christus te fokus.

- Vas is nie iets wat ons moet gebruik om iets van God te kry nie – jy moenie vas sien as 'n manier om 'God te manipuleer nie' – met respek gesê. Vas verander ons, nie God nie.

- Vas is ook nie 'n manier om meer gelowig te lyk as ander nie. Vas moet in die gees van nederigheid gedoen word en met 'n grootmoedige houding nie. Om te vas moenie hoof opskrifte wees nie – jy doen dit uit jou eie wil, en in privaatheid.

Lees:

Mattheus 6:16-18 verklaar, "[16] En wanneer julle vas, moenie lang gesigte trek soos die geveinsdes nie; want hulle mismaak hul gesigte, sodat dit deur die mense gesien kan word dat hulle vas. Voorwaar Ek sê vir julle, hulle het hul loon weg.

[17] Maar jy, as jy vas, salf jou hoof en was jou gesig, [18] sodat jy nie die mense laat sien dat jy vas nie, maar jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde."

### 3. Riglyne vir vas en gebed

Evangelis DL Moody – riglyne van vas en gebed

- Wanneer jy vas soek jy God se aangesig, jy plaas God eerste.
- Vas is 'n hartsingesteldheid – ons onderbreek ons normale lewensgang om vir 'n definitiewe saak of doel te bid.
- Vas beteken ook volharding in gebed – maak erns met God, bid tot jy 'n antwoord kry – of dit ja of nee is, of miskien moet jy langer wag totdat dit Sy wil vir jou lewe is.
- Raak ontslae van laste, hindernisse; bid doelgerig en met jou volle aandag.
- Vas is 'n teken van droefheid, maar dit het ook 'n element van vasbeslotenheid.
- In die Ou Testament is daar dikwels gevas as teken van verootmoediging (Lev 23:27)
- Vas en gebed beteken dat  ons ons hart voor die Here skeur, ons sonde bely en ons opnuut tot die Here bekeer (Joël 2:12-13).
- Die Here het egter ook bedoel dat vas soms 'n element van vreugde en blydskap moet bevat (Sag. 8:19).
- In Jesaja 58:6-7 kry ons die optrede wat vas en gebed moet vergesel. Indien ons dit doen, kry ons ook die seëninge van Jesaja 58:8-14.
- Ons kan ook vas om 'n offer van lof aan God te bring (Ps. 50:14, 23).

Die Here Jesus stel slegs een voorwaarde vir vas: opregtheid.

Nêrens verbied Hy vas nie en Hy gee ook nêrens die indruk dat Hy dink dit is nie meer nodig om te vas en te bid nie.

In Matthéüs 6:16-18 gee Jesus juis voorskrifte vir wanneer iemand vas.

4. **Vas en gebed, en die plek daarvan in elke gelowige se lewe**

- Vas en gebed is 'n meer intensiewe vorm van gebed. Dalk bid jy al jare vir 'n sekere saak met geen sigbare antwoord nie. Daar is 'n alternatief – vas en bid.

- Vas en gebed lei altyd tot groter persoonlike heiligmaking en dit is juis gebed uit 'n rein hart waarin God behae het.

- Vas en gebed druk ook jou erns oor die saak voor God uit. Verskillende situasies vra dikwels van ons as voorbidders om te vas en te bid. Die geskiedenis is vol bewyse dat vas en gebed in die verloop van landsgebeure, maar ook in allerlei ander sake, geestelike vrug tot gevolg gehad het.

**5. Vas en gebed in ons lewe van vandag**

Elke persoon ken sy swakhede, struikelblokke – daardie dinge wat skeiding maak tussen Sy Vader en homself. Is dit nie miskien tyd om hierdie dinge in die oë te staar, op jou knieë te gaan en vrymaking te vra nie?

Sommige struikelblokke is:

- Pornografie
- Obesiteit
- Onvergewensgesindheid
- Jaloesie
- Selfhaat
- Verslaafdheid aan aardse 'waardes' – 'to keep up with the neighbours'
- Verslaafdheid aan wat tegnologie van jou steel – jou selfoon, die eie-ek, innerlike ontevredenheid, innerlike gejaagdheid, angs, om in die net van AI vasgevang te wees.

**6. Gaan oor tot aksie**

Hoe gaan jy die klein jakkalsies wat die wingerd verstrooi, aanspreek? Op jou knieë, in vas en gebed.

**7. Bespreking**